

Om die verlede te verbeel: 'Akademiese' geskiedskrywing en die historiese bewussyn

deur

LIZÉ KRIEL

Inleiding

Die Desember 1997-uitgawe van *History and Theory*¹ fokus op die vervaardiging van die historiese bewussyn, bedoelende 'n persoonlike bewuswees van die verlede as sodanig en 'n behoefte om ervarings te verstaan met verwysing na tyd, verandering en herinnering.² Die kwessie onder bespreking in *History and Theory* is die uitgangspunt dat akademiese historici nie die verlede as hulle eksklusiewe domein kan opeis nie, want midde-in die samelewing waarin hulle staan, is elke gemeenskap voortdurend besig met die voorstelling, ordening, interpretasie - skep en herskep - van "n verlede" op so 'n manier dat betekenis daaraan gegee kan word. Die historikus se tradisioneel-wetenskaplike ondersoekmetodes om gebeure so betroubaar as moontlik weer te gee, is nie noodwendig die fokus van die publiek se belangstelling nie: dit is uitstallings, die rolprent, die verhaal, die herinnering en die getuienis wat die identiteitsoeke van die individu of die gemeenskap versadig, wat die groeiende historiese bewussyn in die laat-twintigste eeu dra. Dit kom voor asof geskiedenis 'n afsonderlike lewe buite die akademie lei. Die uitdaging vir historici is om sin te maak uit die verbreiding van die 'onderwerp' van hulle vak: waar staan 'akademiese historici' binne 'n geskiedenis-bedrywende samelewing?

Lize Kriel is verbonde aan die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria. Die studie is gebaseer op van 'n referaat gelewer in samewerking met Mariana Kriel (UPE), tydens die Tweejaarlikse Kongres van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Universiteit van die Noorde, 1 Julie 1998. Haar mees onlangse publikasie is "Christoph Sonntag's Mmalebogo: The missionary diary as a secular source in the reconstruction of Bagananwa History, 1892-1895" (1997). Sy is tans besig met 'n doktorsale studie oor 'n Vergelyking tussen Colin Rae en Christoph Sonntag se weergawes van die Boer-Hananwa-oorlog van 1894.

Sien die inleidende opsomming van A.-L. SHAPIRO, "Whose (which) history is it anyway?", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, p. 3.

2. S.A. CRANE, "Memory, distortion and history in the museum", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, p. 45.

Die resepsie van akademiese kundigheid in histories-bewuste gemeenskappe

Die bydraers tot die reeds genoemde *History and theory*-uitgawe ondersoek hierdie kwessie vanuit Amerikaanse en Wes-Europese oogpunt en die situasie aldaar toon besliste raakvlakke met die ervaring van ten minste sekere gemeenskappe binne die Suid-Afrikaanse samelewing. In sommige gevalle word akademiese kundigheid selektief in die historiese bewussyn opgeneem; in ander gevalle bloot genegeer; soms word die akademiese beskouing selfs vanuit die historiese bewussyn aangeval. Daar word vervolgens na enkele bydraes verwys.

Uit James E. Young se bydrae, "Towards a received history of the Holocaust", blyk die aandrang op sterker verteenwoordiging van die mitiese herinneringe van die slagoffers van die Tweede Wêreldoorlog in die 'rasionele historiografie' oor hierdie gebeure. Young pleit dat hierdie herinneringe nie geïnkorporeer moet word sonder inagneming van die omstandighede waaronder dit opgeneem is nie. Hy wil weet:

Who told it, when, in what social and political context? What did the teller read that morning in the newspapers? ... How did the listener's response to a particular story shape the teller's story as it unfolded?³

Suid-Afrikaanse historici, rolprentmakers en storieskrywers wat beplan om hulle in die jare wat kom besig te hou met met getuieis wat voor die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) gelewer is, mag baat vind by die ervaring wat Europese historici na 50 jaar met hierdie tipe bronnemateriaal opgedoen het.

In haar bydrae oor museumuitstallings bespreek Susan Crane 'n omstrede en openbare Amerikaanse voorval waar die beskouings van akademiese historici lynreg gebots het met die persoonlike herinneringe van oorlewendes en ooggetuies en waar die akademiese moes swig voor die druk van laasgenoemde. Ter viering van die vyftigste herdenking van die Tweede Wêreldoorlog het die *National Air and Space Museum* 'n *Enola Gay*-uitstalling ontwerp - 'n ongemaklike vroeë gevra: Het die B-29-vliegtuig wat die atoombom op Hiroshima gewerp het, werklik 'n triomf van tegnologie oor tirannie verteenwoordig en 'n bloedige oorlog beëindig soos die politiek-korrekte historiese interpretasies dit sedertdien wou gehad het? Of versinnebeeld die vliegtuig die verwoestende krag van kerntegnologie wat die lewens van duisende burgerlikes kortgeknip het? Dit mag ook uit die uitstalling se teks geblyk het dat daar gepoog is om die bemanning van die *Enola Gay* voor 'n morele regbank te dagvaar. Die ontsettende heftigheid waarmee oorlogsveterane en politici die beoogde uitstalling aangeval het en die feit dat

3. J.E. YOUNG, "Towards a received history of the Holocaust", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, pp. 42-43.

die kuratore uiteindelik wel teruggedeins het, ontbloom volgens Crane die mate waarin die uitstalling die verwagtings van die historiese bewuste publiek omvergewerp het. Die *Smithsonian*-Instituut wat vir die uitstalling verantwoordelik was, is eerder daarvoor bekend dat hulle die herinneringe aan die Amerikaanse oorwinning tydens die Tweede Wêreldoorlog as 'n heroïese gebeurtenis verskans.⁴ 'n Hele generasie Amerikaners het hulle persoonlike herinneringe aan die oorlog binne so 'n positiewe konteks gekoester. Hulle verontwaardiging met die gepeuter aan hulle historiese bewussyn resoneer met die ontugtering van die generasies wit Suid-Afrikaners wat die Apartheidsjare as positief beleef het en tans met die donker keersy daarvan gekonfronteer word. Een resesent het die Amerikaanse situasie soos volg probeer verduidelik:

It is probably asking too much of people who have thought for fifty years that they owed their life to President Truman's decision to drop the bomb to reflect objectively about whether his decision was morally justified. At its core that asks people to consider the possibility that their life was not worth living.⁵

Hans Kellner, wat Richard Rorty 'the philosopher of redescription' noem, haal hom soos volg in dié verband aan:

Ironism, as I have defined it, results from awareness of the power of redescription. But most people do not want to be redescribed. They want to be taken on their own terms... The best way to cause people long-lasting pain is to humiliate them by making the things that seemed most important to them look futile, obsolete and powerless.⁶

Die verskil tussen die Amerikaanse en die Suid-Afrikaanse situasie, is dat Amerikaanse politici die verwronge verbeelde verlede van hulle oorlogsveterane en dié se nageslag beskerm en sodoende in stand hou: die *Enola Gay*-uitstalling is 'onskadelik' gestel voordat dit gevoelens van skuld en skaamte by toeskouers kon wek vir die lyding wat die Hiroshima-bom, die kern-era en die Koue Oorlog in die algemeen veroorsaak het.⁷ Wit Suid-Afrikaners, by name die Afrikaners, is die konfrontasie met hulle verwronge persepsies oor die verlede nie gespaar nie. En dit is nie net die Apartheidsjare

S.A. CRANE, "Memory, distortion and history in the museum", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, pp. 58-61.

5. P. STOLZ, soos aangehaal in E. LINENTHAL, Anatomy of a controversy, in E. LINENTHAL en T. ENGELHARDT (Reds.), *History Wars: the Enola Gay and other battles for the American past* (New York, 1996), p. 39, soos aangehaal in S.A. CRANE, "Memory, distortion and history in the museum", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, p. 58.
6. R. RORTY, *Contingency, irony and solidarity* (Cambridge, 1989), p. 89, as quoted in F. ANKERSMIT en H. KELLNER (Reds.), *A new philosophy of history* (Londen, 1995), p. 9.
7. S.A. CRANE, "Memory, distortion and history in the museum", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, p. 60.

self nie, maar ook die geyskte beskouings oor Afrikanergeskiedenis in die algemeen, wat in heroënskou geneem word.

Vir sommige is die ontugtering in die venerasie van mitiese figure en gebeure soos deur die staat, die skool en die voorgeslagte voorgehou is, volkome. Wat vir hierdie Afrikaners oorbly, is om hulle eens onaantasbare, nou *gedebunkte*, kollektiewe herinneringe self te ironiseer. In Hatfield se *Boerebar* pryk portrette van die *Slag van Bloedrivier* saam met knipsels uit Beau Brummel se fotoverhale. Op sanger Valiant Swart se logo is die roer van die berede Boer, eens sy trots en historiese simbool van daadkrag en oppermag, met 'n kitaar vervang. Afrikaanse kopiëskrywer Leon Jacobs het die historiese Retief-Dingane-ontmoeting as tema vir 'n wegneemhoender-advertensie gekies, maar kla dat sy swart kollegas die humor meer waardeur het as sy taalgenote.⁸ Dit laat ontstaan ook die vraag of die ontgogelende humor van die *Boerebar* se geskiedenisuitstalling noodwendig gesnap word.

Daar is ook Suid-Afrikaners wat, soos die Amerikaners, protesteer teen die hersiening van hulle herinneringe aan die verlede. By hulle hou die Afrikaner se historiese bewussyn van die Groot Trek, soos dit sedert die begin van die eeu was toe Gustav Preller verbeeldingryk begin skryf het, steeds stand. Hulle put regverdiging daaruit vir die Afrikaner se aparte voortbestaan in Afrika.⁹ Ter illustrasie: in dieselfde tydskrif waarin die kopiëskrywer koggel met die ontmoeting tussen Dingane en Retief, begrond 'n Afrikaner in haar middel-twentigs haar keuse om in Suid-Afrika aan te bly in haar 'plig teenoor Piet Retief'¹⁰ en verwys 'n veertigjarige professionele man na Suid-Afrika as die land wat met sy 'voorouers se bloed gekoop is'.¹¹

Wat die meeste opval, is dat nóg diegene wat ontugterd, nóg diegene wat verdedigend reageer op die heromskrywings van hulle historiese bewussyn, dit as eerste opsie oorweeg om hulle tot akademiese navorsingsresultate te wend vir uitsluitel. Die bittereinders glo eenvoudig onwrikbaar in wat hulle geleer is en die ontugterdes - is hulle agterdog in akademiese geskiedenis-beelde wat keer op keer politiek korrek opgedis word, onomkeerbaar? 'n Intellektuele onverskilligheid is te bespeur. Indien daar belangstelling in revisionistiese kommentaar vanuit die akademie bestaan, ontlok dit kabbelende eerder as glowende reaksie. Historikus Jay Naidoo se *Tracking down historical myths* kom byvoorbeeld nie in bogenoemde voorbeelde ter sprake nie. Twee dekades gelede is professor F.A. Van Jaarsveld geteer en geveer toe hy dit gewaag het

-
8. J. ROUX, "Staan opsy baas Piet, hier kom 'n hoenderadvertensie", *De Kat* 13(12), Junie 1998, p. 22.
 9. Sien F.A. VAN JAARSVELD, "Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaner", in J.S. BERGH (Red.), *Herdenkingsjaar 1988. Portugese, Hugenote en Voortrekkers* (Pretoria, 1988), p. 115.
 10. J. VAN ZYL (red.), "Oooo, vaderland! Wit Afrikaners vandag", *De Kat* 13(12), Junie 1998, p. 64.
 11. *Ibid.*, p. 64.

om navorsing te doen oor aspekte van sy volksgeskiedenis wat onwrikbaar gegló is. In die huidige klimaat is dit onwaarskynliker dat historici soveel aandag kan verwag.

Meer as een bydraer tot die *History and Theory*-uitgawe wys op die sterk historiese inslag in die produksies van die internasionale rolprentbedryf. Soos hulle Amerikaanse eweknieë, berus Suid-Afrikaners wat toegang het tot hierdie media, se bewussyn van wêreldgeskiedenis in 'n groot mate op ervaring uit 'dokudramas', rolprente waarin fiktiewe verhale of aangepaste 'ware' verhale in 'n geloofwaardige visuele milieu uitgespeel word. Ek vermoed dat die Vietnam-oorlog vir baie Suid-Afrikaners die rolprent *Platoon* is, die Middeleeue, *Braveheart*.¹² Vir myself is die Kambodja-oorlog dit wat ek in *The killing fields* gesien het en in P.J. Haasbroek se *Die jaar nul* gelees het. Die visuele impak van die rolprent en die boeiende verhaallyn van die Haasbroek-fiksie is my herinnering aan hierdie geskiedenis, dit leef steeds in my verbeelding, terwyl ek nie eers meer kan onthou óf ek aantekeninge daaroor uit my derdejaarhandboek gemaak het nie. Nog 'n lukraak-voorbeeld: wat 'n Afrikaanse Geskiedenis II-klas in 1998 van Danie Theron weet, is die 'storie wat lank terug op TV' was, die verhaal uit P.W. Grobbelaar se *Groot Afrikaanse Heldeboek* en 'n (verwarring met Gideon Scheepers) 'n gedig wat hulle 'op hoërskool gedoen het'. Die studente in die Engelssprekende klas wat iets van Nigerië se geskiedenis weet, is dié wat Engels as vak neem en Chinua Achebe se *Things fall apart* gelees het. Wat ons onthou, is skynbaar die stories wat ons gesien en gelees het.

'n Eerste stap om hierdie gebrek aan kommunikasie tussen akademiese geskiedenis en die historiese bewussyn af te breek, sou vir die akademici wees om te aanvaar dat dit onvanpas is om aan mites, fantasie en herinnering 'n minderwaardige plek in die bestudering van die verlede toe te ken bloot op grond van die rol wat verbeelding in die totstandkoming daarvan speel. Hoe eg historiese gebeure ook al is, verduidelik Hayden White, sodra dit vertel word, dit wil sê sodra historici daaroor skryf, tree dieselfde literêre tegnieke en strategieë in werking as wat vir die skryf van fiktiewe letterkunde of die maak van rolprente geld.¹³ Wanneer die verlede wetenskaplik-histories benader word, is verbeelding in die uiteindelijke konstruksie van die narratief 'n ewe onontbeerlike bousteen as substansiële getuïenis wat aan interne en eksterne kritiek onderwerp is. Die verskil tussen 'n 'feitelik historiese' en fiktiewe weergawe van die verlede is formeel, nie substantief nie: dit lê in die relatiewe gewig wat aan die konstruktiewe elemente gegee word.¹⁴ Historici is dus nie in

12. Sien M. STURKEN, "Reenactment, fantasy, and the paranoia of history: Oliver Stone's Docudramas", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, pp. 64-79; V. SCHOBACK, "The insistent fringe: moving images and historical consciousness", *History and Theory* 36(4), Desember 1997, pp. 20.
13. H. WHITE, *Tropics of discourse. Essays in cultural criticism* (Baltimore, 1978), p. 121.
14. *Ibid.*, pp. 57-58.
Historia 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

'n posisie om die fantasie-element in die vervaardiging van narratiewe oor die verlede te veroordeel nie, hulle is immers self aandadig daaraan.

It seems [therefore] useful to open a dialogue among diverse producers of history for whom the past is always both real and imagined, and whose intellectual and creative lives exist both within and beyond the academy.¹⁵

Die historikus sal waarskynlik haar ondersoeksterrein op die vooraand van die nuwe millennium in pas moet bring met hierdie gewaarwordings. Dit is skynbaar nie die 'akademikus' se rol om uit al die verskillende verlede-beelde die beste een te selekteer en dié as gesaghebbend voor te skryf nie - die samelewing wend hulle nie meer maklik tot sodanige voorskriftelikheid nie. Die pleidooi dat die akademikus se nougesette en indringende ondersoek van primêre getuienis en die omslagtige magistrale of doktorsale pak papier wat daaruit voortvloei die betroubaarste weergawe bied, word verswelg deur toegankliker, aantrekliker, opwindender en verstaanbaarder populêre aannames en aanbiedinge - om nie te praat van historici se onderlinge onderonsies wat hulle aansprake ondergrawe nie. White se beskouing oor stories en plotte stel die hele denkwyse in terme waarvan dié wêreld se storie gevind moet word, immers ter syde: deur die spesifieke wyse waarop dokumentêre bewyse gerangskik word, sonder dat afbreuk gedoen word aan die waarheid van die 'feite' wat geselekteer is, kan 'n bepaalde gebeurereeks immers op 'n hele aantal maniere 'geplot' word om verskillende 'stories' te vertel.¹⁶

Gevierde kultuurhistorikus Roger Chartier bepleit 'n benadering waarin gefokus word op die "process by which meaning is constructed".¹⁷ Die historikus sou haar ondersoek na hierdie dinamiese proses kon verskuif: die 'verlede-verbeeldings' wat voortdurend binne en buite die akademie beslag kry, kan in oënskou geneem word - daardie verlede-beelde wat besig is om te vervaag, dié wat nog redelik algemeen voorkom sowel as dié wat in die proses van konstruksie is. Die onderwerp vir ondersoek is waarskynlik eerder die doel waarvoor gemeenskappe verlede-beelde skep en die wyse waarop dit uiteindelik binne 'n samelewing funksioneer.

In hierdie artikel word die rol van herinneringe in die verbeelding van die verlede bestudeer. Hoewel die herinnering en herinneringskrif tradisioneel as historiese bron erken word, is die akademiese nut daarvan in die verlede maklik onderskat weens die 'feitelike' onbetroubaarheid van die inhoud. Die nou algemeen-erkende sielkundige navorsing wat die feilbaarheid en selektiewe

15. A-L. SHAPIRO, "Whose (which) history is it anyway?" *History and Theory* 36(4), Desember 1997, p. 3.

16. H. WHITE, *Tropics of discourse. Essays in cultural criticism*, p. 61.

17. R. CHARTIER, *Cultural history: between practices and representations* (Ithaca, 1988), pp. 13-14.

werking van die menslike geheue uitgewys het,¹⁸ het die fantasie-element in die konstruksie van herinneringe op die voorgrond geplaas. Dit stel 'n voorbehoud aan historici wat die stemme van oorlewendes en ooggetuies (wat moeilik oortuig gaan word dat wat hulle gesien het nie werklik is wat gebeur het nie) in hulle navorsing wil insluit. Die bruikbaarheid van herinneringe hoef nie in die eerste plek in die feite wat dit onthul, of nie in staat is om te onthul, gesoek word nie. Daar lê wel groot moontlikhede in die aanwending van herinneringe om die wyse waarop 'n historiese bewussyn verbeel word, af te lei. 'n Vertrekpunt sou kon wees om te probeer vasstel waarom die samelewing so skerp bewus - waarskynlik selfs behep - met herinnering is.

Aanduidings van 'n herinnering-behepte samelewing

Onder die histories-bewustes buite die akademie, is die 'fascination with memory', soos Michael Kammen dit noem, tans inderdaad groot. Die wetenskaplike publikasies wat met die woord 'memory' op die titelblad uit uitgewershuise stroom, spreek van akademici se aanklank by dié mode-verskynsel en hulle gretigheid om daaruit sin te maak.¹⁹ In 'n bespreking van een so 'n publikasie, probeer Kammen die faktore wat tot hierdie herinnering-behepte bydra, identifiseer. Kammen skryf vanuit Amerikaanse perspektief, maar hy spreek hom uit oor wêreldgeskiedenis. Suid-Afrika blyk nie af te wyk van die breë neigings wat aangedui word nie.

Die eerste faktor wat Kammen noem, is 'n oplewing in die georganiseerde herdenking van historiese gebeure onder die finansiële borgskap van die regering, privaatinstansies of beide. Ongeag of die reaksie daarop positief, negatief of gemeng is, sulke herdenkings stimuleer die belangstelling in die verlede. "We remember because we are prodded to do so...."²⁰ Die onlangse verandering van openbare vakansiedae in Suid-Afrika illustreer die rol van politici in hierdie verband: die koms van Van Riebeeck is tot 1994 op 6 April onthou, maar daarna vervang deur die nuwe herinnering aan die eerste demokratiese verkiesing op 27 April. Daar is geen amptelike herinnering aan Republiekwording meer nie, maar wel aan die 1976-opstand van swart skoliere

-
18. R. DEKKER, "Egodocumenten: een literatuuroverzicht", *Tijdschrift voor Geschiedenis* 101, 1988, p. 170; P.H. Hutton, *History as an art of memory* (Hanover, 1993), p. 67. Soos aangehaal in D. Gordon, "Review Essay", *History and Theory* 34, 1995, p. 346.
 19. Enkele voorbeelde: J. LE GOFF, *History and memory* (New York, 1992); J.E. YOUNG, *The texture of memory: Holocaust memorials and meaning* (New Haven, 1993); I. IRWIN-ZARECKA, *Frames of remembrance: The dynamics of collective memory* (New Brunswick, 1994); M.K. MATSUDA, *The memory of the modern* (New York, 1996); J. LEERSSEN, *Remembrance and imagination. Patterns in the historical and literary representation of Ireland in the nineteenth century* (Notre Dame, 1997).
 20. M. KAMMEN, "Review Essay: I. IRWIN-ZARECKA, *Frames of remembrance: the dynamics of collective memory*", in *History and Theory* 34, 1995, p. 247.

op 16 Junie. Die interne verdeeldheid binne gemeenskappe wat algemeen as homogeen beskou word, word ook deur amptelike herdenkings aan die lig gebring.²¹ Sommige Afrikaners gaan op 16 Desember voort met Geloftedag, ander val in by die meer inklusiewe Versoeningsdag. Die Suid-Afrikaanse voorbeelde beaam Kammen se gewaarwording:

The fact that so many of these events turned out to be controversial has heightened our recognition that collective memory is, indeed, socially constructed.²²

Kammen se tweede faktor is ewe toepaslik op die Suid-Afrikaanse situasie. Hy identifiseer 'n groeiende besorgdheid oor multi-kulturalisme, wat volgens hom die belangstelling van groepe in hulle eie herinneringe en tradisies versterk - soms gepaardgaande met etniese trots en rasse-bewustheid. Neem as voorbeeld die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK): op die vooraand van die vierde fees in April 1998 moes die organiseerders dit baie hard deklameer dat hulle 'oop en inklusief [wou] wees',²³ deels om hulself hoorbaar te maak bo die oordonderende teenwoordigheid van hulle hoofborg ("Dis geen geheim dat die behoud en bevordering van Afrikaans die hoofrede is waarom Nasionale Pers as borg betrokke geraak het nie"²⁴); deels uit vrees vir toenemende aanduidings dat etnies-bewuste Afrikaners die kunstefees as kulturele platform sou wou koop. Die definisie van 'n etniese geheue wat Kammen by sy Amerikaanse bespreking van hierdie tweede faktor insluit, maak ook die KKNK-verskynsel meer verstaanbaar:

[Real or imaginary] ethnic memory is not a set of events remembered, but rather a set of instincts, feelings, intimacies, expectations, patterns of emotions and behaviour; a sense of reality; a set of stories for individuals - and for the people as a whole - to live out.²⁵

Die tipe kuns wat feesgangers in 1997 en veral in 1998 geaffronteer het, het die gestereotipeerde Afrikaner-etniese geheue uitgedaag; die verwagtings wat dáárbinne gekoester sou word, ontugter. Die KKNK-polemiek laat ook die vraag ontstaan in watter mate groepe binne die Afrikaner-gemeenskap die honderdjarige herdenking van die Tweede Anglo-Boereoorlog as eksklusiewe Vryheidsoorlogsfees gaan opeis en watter oogmerke met sulke vierings gestel gaan word. Dat die voorbeelde in hierdie paragraaf uit die

21. *Ibid.*, p. 252.

22. *Ibid.*, p. 247.

23. M. MINNAAR, soos aangehaal in S. SCHOOMBIE, "Karoofees: die kunste ondergronds?" *De Kat* 13(9), Maart 1998, p. 51.

24. S. SCHOOMBIE, "Karoofees: die kunste ondergronds?" *De Kat* 13(9), Maart 1998, p. 54.

25. M. NOVAK, *The rise of unmeltable ethnics* (New York, 1972), pp. 47-48, as quoted in M. KAMMEN, "Review Essay", *History and Theory* 34, 1995, p. 248.

Afrikanergemeenskap geneem is, sluit natuurlik nie uit dat etniese trots ook onder ander Suid-Afrikaanse gemeenskappe 'n belangstelling in die verlede aanwakker nie.

Met die derde stimulus wat Kammen as oorsaak vir die herinnering-beheptheid van die hedendaagse samelewing identifiseer, fokus hy spesifiek op Duitsland, Frankryk en die Verenigde State, waar daar gedurende die afgelope dekade 'n neiging ontstaan het om die Nazi-slagting onder die Jode te ontken. In Suid-Afrika word hierdie aspek van die Tweede Wêreldoorlog anders onthou as deur oorlewendes en kinders van oorlewendes in Europa en Amerika. Dis 'n herinnering gegrond op boekekenis wat vanweë die ooglopende korrelasie nader getrek is toe Wouter Basson se betrokkenheid by planne om swartmense chemies uit te wis, voor die WVK aan die lig gekom het.²⁶ In hierdie geval word die kollektiewe historiese bewussyn in Suid-Afrika nie deur dieselfde debat gevoed as in Europa nie. Dat slagoffers van die *Holocaust* vyftig jaar later bedenkinge het oor die wyse waarop hierdie gebeure onthou, verstaan en voorgestel word, mag wel rede tot besinning wees vir Suid-Afrikaanse opvoedkundiges en meningsvormers wat die samelewing se 'onthou' van die apartheidsjare rig en in die toekoms gaan rig. So waarsku die prominente professionele historikus Arno Mayer dat die daarstelling van openbare kollektiewe herinnerings in die vorm van martelare, monumente en museums nie 'n polities-onskuldige of histories-toevallige verskynsel is nie. In die geval waar herinneringe 'n onaantasbare gewytheid begin aanneem ten koste van vrye denke of waar persone en hulle optrede bo verdenking en buite trefafstand van kritiek verhef word, hetsy deur die "harde hande van die ou regering of die politiek korrekte politoer van die nuwe elite",²⁷ is dit ongewens.

Kammen noem sy vierde faktor die vertraagde herinnering-sindroom: die naastenby vyftien jaar-verwaarlosing- of onderdrukkingsfase wat die kollektiewe oplewing van herinneringe aan groot historiese krisis voorafgaan. Die Amerikaanse Burgeroorlog van die 1860's is eers sedert die 1880's wyd herdenk. Die oorvloed ondersoeke na die slagting onder die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog was in effek eers sedert die jare sestig 'n onderskeibare fenomeen. Nog 'n voorbeeld is die Amerikaanse weermag se Viëtnam-veterane wat eers twaalf tot vyftien jaar na die oorlog in Suidoos-Asië hulle oorlogservaringe openlik begin herleef het - vandaar die toenemende gewildheid van Viëtnam-stories (rolprente, televisieprogramme en memoires) eers sedert die 1980's.²⁸

Is daar in die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorbeelde wat hierdie teorie bevestig? Die 1838-Slag van Bloedrivier is ca. 1860 vir die eerste keer op

26. Berigte en spotprente in *Beeld*, 14-20 Junie 1998.

27. F. GREYLING, "Dié uiters leesbare biografie oor Bram Fischer soos 'n breekyster", *Beeld*, hoofartikelbladsy, 15 Junie 1998.

28. M. KAMMEN, "Review Essay", *History and Theory* 34, 1995, p. 249.

Historia 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

georganiseerde wyse kollektief gedenk.²⁹ Is die feit dat wrakstukke van Samora Machel se vliegtuig na twaalf jaar weer aandag trek³⁰ bevestiging van hierdie sindroom, of is dit bloot toevallig dat die WVK die saak juis ná verloop van hierdie periode van vertraagde herinnering weer ophaal? Indien die teorie oor vertraagde herinnering-sindroom universeel van toepassing is, hou dit in dat die huidige WVK-sittings juis saamval met die tydstip waarop slagoffers van die traumatiese landwyse noodtoestand van die middel-tagtiges se herinneringe 'los' behoort te kom. Vir hulle het die twaalf/vyftien jaar periode van geheue-onderdrukking pas verstryk. Buite-om die politieke situasie wat getuienislewering in hierdie stadium voor 'n amptelike kommissie moontlik maak, mag die vrystelling van hierdie vertraagde stres 'n rede op sigself wees vir die oorweldigende impak wat kollektiewe apartheidsherinneringe juis nou het.

'n Opvallende analogie met Amerikaanse Viëtnam-veterane is die lede van die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag wat gedurende die sewentiger- en tagtigerjare in Angola en Namibië ('Suidwes') geveg het. Ontnugterde Afrikaanse soldate het kort na afloop van hulle oorlogservaring deur middel van hulle sogenaamde 'Grensliteratuur' gerebelleer: daar was Deon Opperman se drama *Môre is 'n lang dag* (1986) en Alexander Strachan se bundel *'n Wêreld sonder grense* (1984). Etienne van Heerden se *My Kubaan* (1983) staan ook uit in hierdie genre van (feit + fiksie =) faksionele metanarratiewe wat met hulle geskrewe protes eerder in die verloop van die geskiedenis wou ingryp as om dit te probeer opteken.³¹ Maar hoe onthou en verwerk die res van die grensvegters (wat anders as 'n Van Heerden of 'n Strachan, geglô het in 'n Totale Aanslag) hulle oorlogstres na 'n dekade en 'n half?

Van Heerden het sy grensverhale in 1994 weer in 'n toespraak opgehaal. Volgens hom het die Afrikaners wat in die Totale Aanslag geglô het - ek vermoed hy verwys na diegene wat slegs sekondêre herinneringe aan die grensoorlog het, dit wil sê diegene wat hulle herinneringe uit joernaliste se berigte en moontlik ook uit stories soos syne saamgestel het - intussen hulle historiese bewussyn by die nuwe media-aanbiedinge aangepas het. Hulle het in 1994 met groot aanpasbaarheid/opportunisme "Eerstedagkoeverte van Mandela se gekanoniseerde gesig"³² gekoop en daarmee die nuwe meersterkodes van die Nuwe Suid-Afrika wat die Totale Aanslag/Rooi Gevaar-kodes opgehef het, omhels. Hier is dus nie 'n korrelasie met die Amerikaanse samelewing vir wie die Viëtnam-ervaring danksy Oliver Stone³³ asof hulle eie kollektiewe ervaring geword het nie. In die historiese bewussyn van die pas beskryfde wit Suid-

29. G. LEACH, *The Afrikaners: their last Great Trek* (Johannesburg, 1989), p. 12.

30. T. SWANEPOEL, "Machel-vliegcramp 'n sluipmoordaanval", *Beeld*, 25 Junie 1998.

31. E. VAN HEERDEN, "Vanuit eie werk: Die skrywer as historiograaf", *Tydskrif vir Letterkunde* 32(3), Augustus 1994, p. 7.

Ibid., p. 8.

Self 'n Viëtnam-veteraan en vervaardiger van die rolprent *Platoon*.

Afrikaners is die Viëtnam-oorlog waarskynlik 'n duideliker herinnering as die 'oorlog in Suidwes'.

Hoe staan sake met die teenoorstaande groep, daardie Suid-Afrikaners wat diep herinneringe, persoonlike ervaring van Angola het: die eweknieë van die eerstehandse Amerikaanse veterane? Soos ook elders in hierdie referaat, fokus ek weer op die Afrikaner-voorbeeld, omdat hierdie gemeenskap se kultuur vir my die toeganklikste is: In Suid-Afrika maak hulle wel nie fliëks soos Stone nie, maar Alexander Strachan het ten minste gekom tot artikel in 'n glanstydskrif waardeur hy sy eie en 'n enkele ander veteraan se diep herinneringe aan die kollektiewe historiese bewussyn van die Afrikanergemeenskap opgestel het - na 'n verdragingsperiode van ongeveer dertien jaar.³⁴ Soos met die Amerikaners, onthou die Afrikaner-veterane op uiteenlopende wyses: Strachan beweer dat hy

die bosoorlog in 'n onbetrokke, nie-kritiese manier ervaar het, sonder haat of liefde vir enige van die kante.³⁵

Sy voormalige kameraad beskuldig hom daarvan dat hy baie verander het, "n ander persoonlikheid" gekry het:

Ek wil hê jy moet my in jou artikel quote, Apartheid is 'n juweel in vergelyking met kommunisme soos ek dit persoonlik in Rusland en China ervaar het.³⁶

Daar is reeds verwys na die rol wat films en beeldmateriaal in die stimulering van 'n herinnering-behepthed in ons samelewing speel. Dit is dan nie verbasend dat Kammen dit as sy vyfde faktor noem nie. Hy verwys na die toenemende gesaghebbendheid van films en dokumentêre dramas wat - met neo-Rankeaanse ywer - voorgee om die geskiedenis te vertel 'soos dit werklik was'. Dit gaan vir hom gepaard met 'n toenemende vertrouwe wat gestel word in die geloofwaardigheid van joernaliste wat op die toneel was toe die sensasionele gebeur het.

The partial yet mediating memories of reporters and those they interview are interlinked uncritically by a general public that is notably credulous.³⁷

Kyk maar net hoe goedgelowig aanvaar mense koerante se gekkedag-grappe jaar na jaar op 1 April!

Die aard van die kollektiewe herinneringe oor Suid-Afrika wat deur rolprente ingeprent is, word miskien die duidelikste omskryf deur regisseurs wat

34. A. STRACHAN, "Terug na die Caprivi", *De Kat* 10, Julie 1995. Die artikel is ook opgeneem in Strachan se bundel *Agter die suikergordyn* (Kaapstad, 1997).

35. *Ibid.*, p. 75.

36. *Ibid.*, p. 74.

37. M. KAMMEN, "Review Essay", *History and Theory* 34, 1995, pp. 249-250.

Historia 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

doelbewus 'iets anders', as kommentaar op die norm, probeer aanbied. Let op hoe die beskrywing van wat die 1998-uitgereikte rolprent *Fools* nié wil wees nie, die kollektiewe herinneringe aan die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat deur talle voorafgaande rolprente gevestig is en nou steeds deur die gehoor verwág word, definieer:

Fools is no easy 'apartheid anger' bandwagon film ... no easy propaganda piece.³⁸

Om regisseur Ramadan Suleman self aan die woord te stel:

I didn't make the movie to please people ... We live in a world of agreeing and disagreeing. Patrick's character is a human being just like any other. Previously in 'apartheid' movies blacks were always passive hero/victims with whom you had to sympathise. Fools is not about devils and angels. After all, black people are full of contradictions.... (U)p until today I don't think South African literature has moved forward. [Njabulo] Ndebele's book [waarop die film gebaseer is] is not a book of slogans. Everyone knows we were oppressed but apartheid is a way of life. So okay, what's next? How do you show people surviving these conditions. Patrick's character in the film is a human being like any other. I mean, at the time of the French revolution there were probably 30-million people there but they weren't all involved in storming the Bastille.³⁹

Suleman se betoog wys op 'n paar dinge: dat die meeste kykers veronderstel dat rolprente sál stereotipeer, dat flieks vol een-dimensionele goed/sleg-karakters behóórt te wees. Dit is die verwagting wat deur hulle bestaande rolprent-ingegewe kollektiewe herinneringe gestel word. Akademiese historici behoort te kan identifiseer met die genuanseerde kultuurhistoriese milieu waarmee 'n regisseur soos Suleman hierdie verwagting in 'n rolprent soos *Fools* probeer deurbreek. Die vraag is of ons hoegenaamd in die vervaardiging daarvan geken is, maar selfs nog belangriker, of ons die waarde van so 'n rolprent as hulpmiddel in geskiedenisonderrig besef en in staat sal wees om dit in 'n kurrikulum in te werk. Die subtile aanklag wat uit Suleman se betoog deurskemer, is immers dat dit 'die geskiedenis' was wat mense wysgemaak het dat die storming van die Bastille die somtotaal van *Franse lewe* op 14 Julie 1789 was. Die beskuldigende vinger wys in die rigting van die akademie.

Die sesde en sewende verklarings wat Kammen vir die Westerse samelewing se toenemende bewustheid van historiese herinneringe identifiseer, wek terselfdertyd by hom kommer. Hy voer aan dat massa-kultuur 'n groot hap van die mark vir wat as 'historiese herinnering' deurgaans, opgeraap het. Hy verwys

38. A. WORSDALE, "Tales of Township Life", *Mail & Guardian*, 22-28 May 1998, p. 3.

39. R. Suleman, as quoted in A. WORSDALE, "Tales of Township Life", *Mail & Guardian*, 22-28 May 1998, p.3.

na die toenemende gewildheid van Elvis Presley se Graceland en Walt Disney se kits-opgediste weergawes van die Amerikaanse geskiedenis.⁴⁰ Anders as die VSA, het Suid-Afrika die voordeel dat nie al die nuwe historiese plekke van herinnering volkome nuwe konstruksies is nie, maar dikwels ou historiese komplekse is, soos Robben Eiland, wat slegs nuut-ontdek word in hulle hoedanigheid as kwekers van historiese bewussyn. Die tradisionele Amerikaanse historiese besienswaardighede soos byvoorbeeld Mount Vermont trek jaar na jaar minder van die miljoene toeriste as die nuwe, soos Kammen dit stel, 'pseudo-historiese tema-parke'.⁴¹ Die naaste wat Suid-Afrika in hierdie stadium daaraan kom, is waarskynlik *Gold Reef City* - of erger, die *Lost City*, waarvan menige toergids kan getuig dat juis hiërdie plastiese ervaring vir vele buitelanders die verpersoonliking van Afrika-erfenis word.

Die pruttende ontevredenheid van ons akademici oor hierdie neiging maak ongelukkig, skynbaar, geen hond haaraf nie. Historiese herinneringe wat vermaak, is dié wat aandag kry. Én finansiële oorleef. Aldus Kammen se sewende faktor:

Memories have become a consumer commodity.⁴²

Hoe lank sal 'publish or perish' nog die motto van akademiese historici wees, voordat dit vervang word met 'bemark of beswyk', of 'package or perish'.

(T)o package the past as "heritage", an attractive leisure-time
pursuit,⁴³

is vir Kammen 'n misleidende sameflansing van kollektiewe herinnering. Nogtans is dit waarskynlik een van die weinige invalshoeke waarmee akademici toegang tot die massa se historiese bewussyn kán kry. Dit is 'n manier waarop die groot poel van akademiese kundigheid tog in 'n gekommersialiseerde samelewing geabsorbeer kan word. Sedert 1998 bied die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria een van die verpligte hoofvakke aan in 'n nuwe, beroepsgerigte kursus, Erfenis en Kultuurtoerisme. Terwyl daar aan geen van die strenger akademiese geskiedenis-kursusse ingeboet is nie, was hierdie terselfdertyd 'n gewigtige toetrede tot die *memory*-mark.

In die agste plek word dit uit Kammen se bespreking duidelik dat getuienislewering, soos voor die WVK, inskakel by 'n univर्सeler neiging wat tesame met al die voorafgaande faktore bevestiging is van die herinnering-bewustheid wat in gemeenskappe oral-oor die wêreld gedy:

40. M. KAMMEN, "Review Essay", *History and Theory* 34, 1995, p. 250.

41. *Ibid.*, p. 250.

42. *Ibid.*, p. 250.

43. *Ibid.*, p. 250.

The growing recognition that publicly validating personal memories can be an overtly self-affirming or liberating act [vir slagoffers] ... or an act of conscience for past misdeeds.⁴⁴

Ten slotte verwys Kammen na die beëindiging van die Koue Oorlog as sterk impetus vir herinnering om te floreer.⁴⁵ Die *New World Order* het nie alleen die Amerikaners en oud-Joegoeslawiërs (wat Kammen ophaal) nie - ook nie in die minste Suid-Afrikaners nie - in staat gestel om hulle beskouings oor sake soos kommunisme, etnisiteit en nasionale identiteit in heroënskou te neem. Hoewel ou skewe herinneringe nou deur nuwes vervang is, is die nuwes nie noodwendig 'meer reguit', asof beter verantwoord of emosioneel minder gelaai nie. Sekere (hoewel nou andere) openbare kollektiewe herinneringe word steeds ten koste van ander voorkeur gegee. Nietemin het hierdie proses die moontlikheid geskep vir 'n groter gewaarwording van herinnering: die besef dat herinneringe skeef kón gewees het, óf vals, óf half, soos Antjie Krog beweer:

How do we make our memories whole? Perhaps it is impossible, but we could at least try to situate them in the larger framework of what was happening while those memories were formed.⁴⁶

Hoe moet historici reageer op 'n herinnering-bewuste/behepte samelewing? Die ooglopende wyse waarop historici op die verbreiding van die historiese bewussyn buite die akademie kan reageer, sou wees om groter direkte insae in hierdie populêre omset van kollektiewe herinneringe te probeer kry, soos byvoorbeeld met 'n kursus in Erfenis en Kultuurtoerisme. Daar bly ook steeds die addisionele uitdaging om die verskynsel *herinnering* beter te probeer verstaan en vas te stel wat uit die historiese evoluering van kollektiewe herinneringe wys geword kan word.

Maniere van onthou: die kollektiwiteit, 'diepte', durendheid - en veral verbeelde aard - van herinneringe

Wat is herinnering?

Volgens Jose Zalaquett, wat prominent was in die ondersoek na menseregteskendings in Chili:

Memory is identity. Identities consisting of false or half memories easily commit atrocities.⁴⁷

44. *Ibid.*, p. 250.

45. *Ibid.*, p. 251.

46. A. KROG, "Truth commission: Untold damage of Anglo-Boer War", *Democracy in action* 8(5), 31 August 1994, p. 19.

Opvallend van Zalaquett is sy oortuiging van die bestaan van onvolledige herinneringe, dat mense bewus gemaak kan word van die tekortkominge in hulle herinneringe en dat die resultaat *heel*-wording, in beide betekenisonderskeidings, kan wees.

Vir Maurice Halbwachs⁴⁸ was herinnering 'n sosiale verskynsel wat die basis van die sosiale orde vorm en daarom die kern van ons historiese navorsing behoort te wees. Mense onthou wel as individue, maar die kollektiewe herinneringe is dit wat hulle in hulle hoedanigheid as lede van 'n groep - hetsy 'n sosiale klas, 'n familie, 'n maatskappy, 'n vakbond - onthou.⁴⁹

Met sy *La mémoire collective* (1950), eers in 1980 in Engels vertaal, het Halbwachs baanbrekerswerk gedoen wat navorsing op hierdie terrein tans nog sterk beïnvloed. Hy probeer demonstreer dat godsdienste, gesinslewe en beroepsassosiasies in stand gehou word deur kollektiewe herinneringe. Persoonlike herinneringe sal verdwyn tensy dit deur herhaling lewend gehou word. Die outobiografiese herinneringe wat herhaal word, is daardie wat 'n kollektiewe funksie binne die heersende sosiale instellings kan vervul. Vir Halbwachs is die herinneringe wat in die kollektiewe bewussyn van 'n gemeenskap opgeneem word, nie noodwendig 'n onbetroubare weergawe van die verlede nie. Sekere gebeure in die verlede verkry wel durende belangrikheid in die gemeenskap se kollektiewe herinneringe. Terwyl ander herinneringe vervaag, word hiërdie herinneringe oor lang periodes steeds vertel.⁵⁰ Vir die Afrikaner:

En soos mens snags in dieptes van die Baai
se water sien hoe skommel ster en lampe,
só in 'n donker kol van hierdie volk, swaai
beelde nog van Konsentrasiekampe.⁵¹

Vir 'n swart Suid-Afrikaner:

after sharpeville, soweto

langa, nyanga, alexandra, tumahole
upington, bishoplavis, mannenburg,

47. Soos aangehaal in A. KROG, "Truth commission: Untold damage of Anglo-Boer War", *Democracy in action* 8(5), 31 August 1994, p. 19.

48. M. HALBWACHS, *On collective memory* (ed. L.A. Coser) (Chicago, 1992), pp. 182-189.

49. *Ibid.*, p. 22.

50. *Ibid.*, pp. 182-189.

51. D.J. OPPERMAN, *Joernaal van Jorik* (Kaapstad, 1949), p. 25.

Historia 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

mitchelsplein
and hundreds of other flashpoints of struggle

i thought i had written enough poems
about people maimed by
police dogs and bullets

but it seems that i made a mistake
because the current state of emergency
has unleashed police dogs
and dogs of war
onto our streets again⁵²

Vir hierdie durende herinneringe om in stand te bly, moet die meeste dinge wat in die verlede gebeur het, vergeet word. Volgens Halbwachs is wát onthou en wát vergeet word van ewe groot belang vir die historikus wat die gemeenskap se kollektiewe historiese bewussyn probeer analiseer - en vanselfsprekend ook vir die sosiale lap-en-stoppers wat die kollektiewe bewussyn soos Zalaquett probeer heelmaak.

Bostaande grondslag van Halbwachs word steeds deur navorsers benut, maar dit ontwyk hulle steeds om presies uiteen te sit hoe die komplekse wisselwerking tussen persoonlike en kollektiewe herinnering plaasvind. Selfs tussen 'n aantal getuies wat dieselfde gebeure beleef het, is elk se individuele herinneringe so uniek dat dit wil voorkom asof dit wat so maklik kollektiewe herinneringe genoem word, sterker berus op die relatiewe homogeneiteit van die groep as die besondere inhoud van elk se nagedagtenis. Die transending van persoonlike na kollektiewe herinnering hou verband met die interpolasie van persoonlike ervarings met sogenaamde amptelike geskiedenis. Dit wat mense self beleef het én bevestiging van elders (joernaliste, historici, politici, digters) gekry het, word uiteindelik dié sterkste en beste onthoude verbintenis met die tyd waardeer hulle geleef het. Omdat herinnering, persoonlik of kollektief, nie alleen gebaseer is op wat mense self beleef het nie, maar ook saamgestel word uit die inligting wat hulle bekom, kan herinnering gemanipuleer word: Inligting kan doelbewus weerhou word, verdraaid vrygestel word, propagandisties in 'n spesifieke verpakking by mense ingeskerp word. 'n Gemeenskap kan meer of minder ontvanklik wees vir inligting oor die verlede en meer of minder entoesiasies wees oor die oordrag van hulle herinneringe van een geslag na die volgende. Daar moet duidelik onderskei

52. D. WA MOGALE, *prison poems* (Parklands, 1992), pp. 42-43. Fragment uit "hard rain".

word tussen herinneringe aan persoonlike ervarings, genoem *diep herinneringe*, teenoor, aan die ander kant, *gewone* (aangeleerde) *herinneringe*, *museum-herinneringe* en *media-ingegewe herinneringe*. Die verskynsel dat diep sielkundige trauma kan voortspruit uit die aanhoor van ander se *diep herinneringe* aan persoonlike trauma, maak die tweedehandse ervaring steeds 'n verbeelde en geen *diep herinnering* nie. Dit is wel opvallend dat meer militante emosionele reaksie soms eers by die tweede geslag, wat die diep herinneringe van hulle ouers of grootouers aanhoor, ontlok word. Dié emosies, wat sluimerend was in die *diep herinneringe*, word dan só in die *gewone* kollektiewe herinneringe opgeneem en oorgelewer.⁵³

Die volgende gedig van Dikobé wa Mogale is 'n tekenende voorbeeld van die wisselwerking tussen persoonlike en kollektiewe herinnering: die verteller wil met sy akademies-ingegewe persoonlike herinneringe die kollektiewe herinneringe van sy gemeenskap *à la* Zalaquett heelmaak. Nie een van die genoemde insidente is gebaseer op diep herinneringe van óf die verteller óf sy teikengroep nie. Dit bevestig dat kollektiewe herinneringe verbeelde konstruksies is en beklemtoon weer eens die

conventional wisdom that memory is socially constructed and subject to self-serving distortions - for individuals, groups, and nations.⁵⁴

Opvallend is die wyse waarop die Afrikaners wat hulle op Piet Retief se bloed beroep, vasklou aan kollektiewe herinneringe gebaseer op 'n ouer weergawe van akademiese geskiedskrywing, terwyl Mogale weer die nuwer akademiese aanbieding as regstellend beskou, omdat dit sy eie gemeenskap aan hulle verlede herinner:

the past as a prologue

jan van riebeek
the sailor man
did not establish the cape colony
in an empty land
when he set foot
on the sun-drenched
shores of table bay

53. M. KAMMEN, "Review Essay", *History and Theory* 34, 1995, pp. 245-361; P. HUTTON, "Review essay: Mnemonic schemes in the new history of memory", *History and Theory* 36(3), October 1997, p. 381.

54. M. KAMMEN, "Review Essay", *History and Theory* 34, 1995, p. 247.
Historia 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

the territories to the north and east
had been occupied for centuries
by the khoikhoi
and for millennia
by the san hunter-gatherers
as poets and minstrels have said
the struggle is also a struggle
of memory against forgetting:
 and i suppose that
 under the ancient gaze of the sun
 and under the compound weight
 of rain and hail
 the mounds of the graves
 of john dube, pixley ka izaka seme
 solomon plaatje and other founding fathers
 have sunk
 and many seasons
 have since then come to pass
 and i suppose that
even more seasons have come to pass
under the stubborn gaze of the sun
since shaka, sekhukuni, langalibalele, manaka
and bambata were laid to rest on the breast
of the earth our mother
who alone gives perpetual rest
as poets and minstrels have said
 there shall be no forgotten names
 and no blank pages in our history
for the struggle is also a struggle
of memory against forgetting.⁵⁵

Mogale se 'herinnering' is duidelik deur wetenskaplike historiese navorsing 'verfris',⁵⁶ maar die selektiewe wyse waarop 'akademiese geskiedenisbeoefening' in die samelewing se historiese bewussyn opgeneem word, maak dit 'n komplekse, skynbaar onpatroonmatige proses om na te speur. Die vraag ontstaan óf en indien wel wáter kollektiewe herinneringe as dierend en kenmerkend van 'n Suid-Afrikaanse historiese bewussyn geïnstitusioneel gaan word. Sal Opperman se konsentrasiekampe byvoorbeeld, soos wat die Anglo-Boereoorlog die Suid-Afrikaanse Oorlog

55. D. WA MOGALE, *prison poems* (Parklands, 1992), pp. 29-30. Fragment.

56. Die digter het sy B.A.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf.

'word', 'n kollektiewe Suid-Afrikaanse herinnering word? Of sal - verskillende - wrewelige beelde in 'n donker kol van elke gemeenskap bly swaai?

Op die vooraand van die honderdjarige herdenking van hierdie oorlog, is dit 'n tergende vraag wát Afrikaners se kollektiewe herinneringe oor die konflik behels. Een van die interessantste en mees provokerende besinnings oor herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog wat tot dusver verskyn het, is die debuutroman van Christoffel Coetzee, *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*.⁵⁷ Terwyl dit die gevestigde kollektiewe Afrikaner-herinnering aan die Boerekryger as blaamloos en edel uitdaag, goël dit met die herinneringskrif as historiese bron deur 'betroubare' *diep herinneringe* te fabriseer om 'n uiters gelaagde metanarratief te skep. Feit en fiksie vervloei ononderskeibaar. Verbeelde scenario's (fantasieë van die outeur) word die skyn van wetenskaplike verantwoordbaarheid gegee deur 'n teks wat opgebou is uit gefabriseerde gedokumenteerde getuienis.

Wat die outeur in staat stel om die leser om die bos lei, is sy inleidende redaksionele hoofstuk waarmee hy hierdie 'dokumentêre getuieinis' omarm en waarin hy met deeglik beredeneerde argumente sy leser se vertroue wen: Deur uitvoerig kritiek te lewer op die gekanoniseerde bronne oor die Anglo-Boereoorlog, bewys die outeur/redakteur dat hy 'n gesaghebbende op die terrein is.⁵⁸ Hy lewer ook oorwoë kommentaar op uiteenlopende omstrede interpretasies van die Suid-Afrikaanse verlede. Deurdat hy homself herhaaldelik verbind tot 'n soeke na die *werklike* Mannetjies Mentz,⁵⁹ word die indruk by die leser geskep dat sy deur 'n betroubare redakteur begelei word. In hierdie selfde geloofwaardige stem, speel die redakteur mondelinge oorlewering (waarvan die waarde volgens hom oorskat word) af teen 'stawende dokumentasie':

Ons leef in 'n tyd waarin mondelinge oorlewering 'n nuwe status as 'n aanvaarbare historiese aanspraak verkry. Hierdie status is oordrewe: oorlewering, in die afwesigheid van stawende getuieinis, werk of verskralend of kreatief op die geskiedenis in.⁶⁰

Na hierdie uitspraak neem die outeur 'n verrassende wending. Hy het pas by die leser die verwagting geskep dat hy as redakteur omsigtig, selfs agterdogtig, in die gebruik van enigiets minder betroubaar as 'stawende getuieinis' sou wees. Die leser is nie daarop voorberei dat die redakteur sou omspring en self in die kreatiewe inwerking op die geskiedenis sou gaan ingryp deur sy eie 'stawende dokumente' te fabriseer nie. Was die redakteur in hoofstuk een dan eintlik besig om die leser teen homself te waarsku?

57. (Kaapstad, 1998). Wenner van *De Kat* en Sanlam se Derde Groot Romanwedstryd, 1997.

58. C. COETZEE, *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (Kaapstad, 1998), pp. 6-10.

59. *Ibid.*, pp. 14 en 20.

60. *Ibid.*, p. 11.

Historia 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

In die drie afdelings wat op die inleidende redaksionele hoofstuk volg, betree die leser dan die redakteur se geskepte werklikheid wanneer sy drie gedokumenteerde *diep herinneringe* lees. In die lig van die voorafgaande geloofwaardigheidskeppende redaksionele afdeling, is die versoeking inderdaad groot om die drie stelle herinneringe as outentieke 'stawende dokumentasie' te lees. In 'n onderhoud oor sy boek onthul outeur Christoffel Coetzee egter dat sy boek-werklikheid verbeel is en dat hy die storie uit sy duim gesuig het.⁶¹ As fiksie so geloofwaardig as werklikheid aangebied kan word, is die tergende vraag tussen die lyne van Coetzee se teks: Kan akademiese geskiedskrywers nie dieselfde doen nie? Is dit nie maar wat hulle al die tyd besig was om te doen nie? Is daar werklik so 'n groot kloof tussen fiksionele verbeelding en verbeelding onder die vaandel van waarheid? Want die teks met sy sterk tema van oorlogswandade deur Afrikaners krap onwillekeurig aan die Afrikaners van honderd jaar later se ongemaklike gewaarwording van wandade onder Suid-Afrika se laaste wit regering:

Dit is 'n boek oor die Anglo-Boereoorlog. En, sê sommige, dis ook 'n boek wat dié oorlog en die manne wat deur die jare as helde aan ons voorgelou is, ontluister.

Nee, sê Coetzee, eertydse joernalis. Hy staan neutraal teenoor die oorlog. Maar hy het aan die boek begin skryf toe dit - nog voor die WVK - duidelik was dat daar gepoog word om die geskiedenis stelselmatig te verdraai.

Ek wil hê die leser moet verbande deurtrek van dié oorlog na die huidige gelieg en gebieg. Die WVK het die nuwe leuens en waarhede na vore laat kom.

Ek het grootgeword met een waarheid oor die Anglo-Boereoorlog. Ek probeer nie om die geskiedenis te herskryf nie, maar om 'n alternatiewe waarheid te skets, want elke oorlog het 'n skadukant.⁶²

Die teks is dus, hoewel ingebed in 'n herkenbare sosiale en historiese kollektiewe bewussyn, 'n fantasie. Juis omdat dit 'n fantasie is, is dit 'n ideaalvoorbeeld van hoe verskillende outentieke *diep herinneringe* gejuksstaponeer sou kon word ten einde die leser/toehoorder in staat te stel om uit die meervoudige perspektiewe te selekteer en so sy of haar eie saamgestelde herinnering uit die aanbod van inligting te verbeel. Op die eie problematiek rondom so 'n 'laat dit aan die leser oor'-benadering word nie hier ingegaan nie. Waarin die teks ongetwyfeld slaag, is om te illustreer hoe effektief persoonlike herinnering is om die geskiedenis pakkend aan te bied en belangstelling in die verlede te stimuleer. Die faksionele aard van die teks moet historici nie ontmoedig om tekste soos hierdie by 'n akademiese studie oor die Anglo-Boereoorlog en veral

61. S. NIEUWOUDT, "Ek probeer alternatiewe waarheid oor oorlog skets", *Beeld Plus*, 14 Mei 1998, p. 4.

62. *Ibid.*, p. 4.

houdings oor die oorlog in te sluit nie. Coetzee se verhaalfiguur is immers geloofwaardig wat betref hulle gewaarwordings oor die funksies van herinnering in die prosesse waarvolgens mense sin maak uit hulle bestaanswêreld:

Generaal Mentz:

Herinnering is 'n soort wysheid wat sy eie foute uit die verlede reg skep waar ons hier en nou lewe. Op hierdie manier het herinnering te doen met oorlewing.

Frans Naudé, in sy *Geredigeerde oorlogs- en ander herinneringe*:

Herinneringe, het die Generaal iewers gesê, bevestig net die lewe as dit ingespan word as 'n manier om te oorleef. My herinnering is nou niks werd vir 'n oorlewingstrategie nie - dis pure nostalgie.⁶³

Slot

Die intuïsie van diegene wat die wetenskaplikheid van geskiedenis beklemtoon het, was om sekerheid te soek in feite oor die verlede waarop ons altyd sou kon vertrou. Die *rhetorical turn* in geskiedkunde het getoon dat betekenis verander volgens die vorms waarbinne historici kies om dit te raam.⁶⁴ Wat staan historici, of dan, enigeen wat oor die verlede wil verhaal, wat tot hierdie gewaarwording gekom het, nou te doen? Die volgende vertelling uit skrywer Etienne van Heerden se 1994-lesing getiteld "Vanuit eie werk: die skrywer as historiograaf", bied tegelykertyd 'n waarskuwing en stel 'n uitweg voor: Hy vertel van 'n Stellenbosche skilder wat 'n obsessie gehad het om Simonsberg te skilder, maar dag na dag daarna bly staar het sonder dat hy 'n merkie op sy doek gemaak het. Sy verweer waarom hy die berg nie geskilder het nie, was dat dit geen twee oomblikke dieselfde gelyk het nie. Van Heerden tref dan die volgende vergelyking:

Nes Simonsberg lyk die verlede geen twee oomblikke dieselfde nie. Ons beweeg op die terrein van die onvoorspelbaarheid, want die verlede, weet ons, is so onvoorspelbaar soos die toekoms.

Dit is inderdaad gesond om in gedagte te hou dat die verlede iets is waarmee ons voortdurend in geding tree. Ons is soos daardie ou skilder wat die berg voortdurend, onvoorspelbaar, sien verander soos nuwe lig, of nuwe skaduwees, daarop val.

En daarom is ons ook ... gevange in 'n voortdurende proses van herrangskikking en -interpretasie.

63. C. COETZEE, *Op soek na generaal Manneijies Mentz* (Kaapstad, 1998), p. 148.

64. P. HUTTON, "Review essay: M.K. MATSUDA, *The memory of the modern* and S. SCHAMA, *Landscape and memory*", *History and Theory* 36(3), October 1997, p. 391.

Historia 44(1), Mei 1999, pp. 5-27.

Ons moet egter nie, soos die ou skilder, Simonsberg verwyf omdat dit nie voortdurend dieselfde gesig na ons draai nie. Sy verwyf lê hom lam en is die rede waarom hy nooit aan't skilder kom nie en met 'n leë doek bly sit. Ons moet die berg juis probeer skilder in sy beweeglikheid, sy onvoorspelbaarheid, sy wonderbaarlike verskeidenheid en sy slinkse buie.⁶⁵

Of die skilderye dan akademiese pogings is waarin verbeelding gekontroleer word en 'n beheersde rol speel of "historiografiese metafiksie" is waarin die verbeelding vrye teuels gegee word, albei bly literêre geskrifte wat poog om sin te maak uit die verlede. Indien die historikus die werking van verbeelding só verstaan, kan die verbeelde herinnering van die gewone mens, of die verbeelde fiksie waarmee 'n verteller 'n greep op die werklikheid probeer kry, hoe subjektief of verwronge dit ook mag wees, geakkommodeer word binne 'n groter verstaan van die verlede as 'n bloedlose wetenskaplik-verbeelde konstruksie met selfs 'n gevaarliker skyn van 'waarheid'. Daar word voorgestel dat daar by diegene wat studies oor die veledede wil aanpak, 'n bewustheid ingeskerp word dat ons verlede-beelde voortdurend sál verander: die verbeelde aard daarvan bepaal dit. Dit teikengroep behoort nie slegs die studente te wees wat Geskiedenis as vak bestudeer nie. Irwin-Zarecka se argument dat die studie van herinnering tot geen enkele dissipline beperk kan word nie,⁶⁶ is meer as nóg 'n pleidooi vir inter- of multi-dissiplinêre samewerking. Dis 'n aanduiding in hoe 'n mate die grense tussen die moderne vakdissiplines in die Geesteswetenskappe reeds vervaag het.

Summary

Imagining the past: 'academic' historiography and the historical consciousness

Standing on the threshold of a new millennium, historians are challenged to make sense out of the proliferation of the 'theme' of their field of study. Academic historians cannot claim 'the past' as their exclusive domain. Within the society to which they belong, every community is continually creating and re-creating 'a past' in a manner that meaning can be attached to it. The historian's traditional scientific approach to research, to portray past events as reliable as possible, no longer interests the public. Exhibitions, films, stories, memories and testimonies - these are the forms of expression which satisfy the search for identity and the growing historical consciousness so characteristic of the late-twentieth century.

-
65. E. VAN HEERDEN, "Vanuit eie werk: Die skrywer as historiograaf", *Tydskrif vir Letterkunde* 32(3), Augustus 1994, pp. 3-4.
66. I. IRWIN-ZARECKA, *Frames of remembrance: The dynamics of collective memory* (New Brunswick, 1994), pp. x, 10 en 20.

In order to bridge this gap between academic historiography and the historical consciousness, it should be accepted that myths, fantasies and memories are not necessarily inferior sources because of the role played by imagination in the creation thereof. Historians also make use of imagination when narrating the past. What can rather be done, is to investigate the purpose for which past images are created - whether within or outside the academy - and the way in which these imagined pasts eventually function within society.

This investigation focuses on the collective memories from which the Afrikaner historical consciousness emerged. An attempt is made to come to an understanding of the fascination with memory experienced by our contemporary society. The process by which collective memories are imagined, is investigated. The importance for historians to take the socially-constructed, imagined nature of collective memory into account while teaching and marketing their subject, is emphasised.